

DISSIPELSKAP. SUPPLEMENT 9

[HEILIGE GEES]

DIE HEILIGE GEES STAAN CHRISTENE IN HUL SWAKHEDE BY

Romeine 8:26-27 beskryf die werk van God in die Christen.

1. Vertaling van Romeine 8:26-27.

“En net so staan die Heilige Gees (*altyd*) ons swakhede by, want ons weet nie wat ons bid soos ons behoort te bid nie. Die Gees Self egter pleit (*aanhoudend*) vir ons met onuitspreeklike (of: onuitgesproke, woordelose) versugtinge. En Hy wat die harte (*voortdurend*) deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit (*aanhoudend*) volgens (in ooreenstemming met) die wil van God vir die gelowiges (letterlik: heiliges) (d.w.s. almal wat aan Hom behoort)”.

2. Uitleg van Romeine 8:26-27.

“Net so” beteken: net soos die verwagting m.b.t. die bevryding van die skepping van sy verslawing aan die verganklikheid en die verlossing van ons sterflik bestaan die Christen help in sy teenwoordige lyding, so help die Heilige Gees die Christen in sy teenwoordige swakhede.

Die “swakhede” kan verskillende dinge inhou: die lyding onder die gebrokenheid van hierdie wêreld of die lyding onder die verdrukkinge ter wille van Christus. Die swakhede kan ook versoekings (verleidings) wees (Hebreërs 4:15) of beproewings (verdrukkings) deur bv. “’n doring in die vlees” (2 Korintiërs 12:5). Dit word seker nie beperk tot swakhede in ons gebede nie!

Die Heilige Gees help die Christen voortdurend in sulke versoekings en beproewings. Hy neem ’n deel van die las en lyding op Homself.

Christene het altyd bepaalde swakhede, soos geestelike en morele mislukkings (Romeine hoofstuk 1-3 en 7). Die Christen skiet voortdurend tekort in wat en hoe hy bid. Alhoewel hy oor die algemeen weet waarvoor hy behoort te bid (Matteus 6:9-13; Kolossense 1:9-12), weet hy meesal nie waarvoor hy behoort te bid in spesifieke omstandighede van versoekings en beproewings nie. Hy is nie seker of sy gebede ooreenstem met die wil van God nie (2 Korintiërs 12:7-10; Filippense 1:22-24; 1 Johannes 5:14). Meestal besef hy ook nie wat die diepste verborge behoeftes van sy eie hart is nie. Daarom noem hy dit nie in sy gebede nie of daarom kan hy dit nie eers in woorde in sy gebede uitdruk nie.

Gebede word gerig aan God die Vader (Matteus 6:9). Omdat God die harte van mense deurgrond (Jeremia 17:10; vgl. Openbaring 2:23) en altyd die bedoeling van die Heilige Gees wat in die Christen woon, ken (1 Korintiërs 3:16), ken God altyd die werklike bedoeling van die Christen. Die Heilige Gees is die Gees van God. Hy bid altyd in ooreenstemming met die volmaakte wil van God vir die behoeftes van die Christen wat die Christen self nie bid nie (omdat hy nie eers weet wat sy behoeftes is nie) of nie verwoord nie (omdat hy nie woorde kan vind om sy behoeftes te verwoord nie). Soos ’n ware Advokaat (Pleitbesorger), vereenselwig die Heilige Gees Hom met die werklike behoeftes (versoekings en beproewings) van die Christen en pleit Hy by God e vra dat God hierdie behoeftes tegemoetkom!

3. Vyf belangrike waarnemings m.b.t. Romeine 8:26-27.

(1) De eerste waarneming:

Dis nie die Christen, maar die Heilige Gees wat bid.

Sommige Christene dink dat hierdie Bybelgedeelte praat oor die gebede van Christene tot God. Hulle beweer dat die Heilige Gees maak dat die Christen in onuitspreeklike versugtinge bid, d.w.s. oor hulle strewe, verlangens en gevoelens bid in woorde wat wel gehoor word, maar nie verstaan word nie. Hulle sê dat die Heilige Gees dikteer wat hulle in hul gebede moet bid en ook hoe hulle dit moet uitspreek: in verstaanbare woorde of in onverstaanbare woorde. Hierdie verklaring dink te maklik dat die gebede en versugtinge van die Christen eintlik ’n uitdrukking is van die Heilige Gees wat in en deur hulle bid. Daarom dink hierdie Christene dat die hoogste vorm van gebed wat God behaag gebede in onverstaanbare woorde is! Ander Christene identifiseer te maklik hierdie vorm van gebed met “bid in tonge” (1 Korintiërs 14:14-17), wat tussen hakkies “gebede van mense” en nie “gebede van die Heilige Gees” is nie!

Die juiste uitleg is dat die nadruk hier nie op die gebede van Christene val nie, maar op die gebede van die Heilige Gees. Dit gaan hier nie oor die feit dat God weet wat die Christen bid nie, maar dat God weet wat die Heilige Gees bid! God luister nie na die uitgesproke of onuitgesproke versugtinge van die Christen nie, maar na die onuitgesproke versugtinge van die Heilige Gees (Romeine 8:27).

(2) Die tweede waarneming:

Die gebede van die Heilige Gees (8:27) is soos die gebede van Christus (8:34).

In die Evangelie van Johannes is die Heilige Gees die Verteenwoordiger (Pleitbesorger) van Jesus Christus. Hy verteenwoordig Jesus Christus en sy woorde en wil in die Christen op aarde (Johannes 14:16-17,26; Johannes 16:14; vgl. Romeine 8:9-10). Maar in die brief aan die Romeine is die Heilige Gees die Verteenwoordiger (Pleitbesorger) van

die Christene en hul behoeftes by God in die hemel (vgl. Romeine 8:34; Hebreërs 7:25; 1 Johannes 2:1-2)! Die Heilige Gees gaan naas die Christen op aarde staan en bring sy behoeftes na God die Vader in die hemel. Dus, die Christen het Jesus Christus as sy Pleitbesorger by God in die hemel en die Heilige Gees as sy Pleitbesorger in sy hart hier op die aarde. Die pleitdooie van Christus is soos die gebede van 'n vader tot God vir die welsyn van sy gesin, terwyl die pleidooie van die Heilige Gees is soos die gebede van 'n moeder tot God vir die spesifieke behoeftes van een van haar kinders.

(3) Die derde waarneming:

Die gebede van die Heilige Gees is nie gebede wat geformuleer is in verstaanbare woorde nie.

Sy pleidooie het wel inhoud, maar hierdie inhoud word nie aan die Christen geopenbaar nie. Sy gebede word uitgespreek en dus gehoor of nie uitgespreek nie en dus nie gehoor nie.

Die oorspronklike Griekse teks van die Nuwe Testament en die Siriese en Armeense vertalings van die Nuwe Testament sê: “Die Gees pleit vir ons met onuitgesproke versugtinge”, d.w.s. met woorde wat nie uitgespreek word nie, met versugtinge te diep vir woorde (Grieks: alalétos, afgelei van “laleó” en beteken: “nie+gesproke”). Die versugtinge word nie in verstaanbare woorde uitgedruk nie, maar word wel in onverstaanbare klanke uitgedruk en dus wel gehoor.

Die Latynse vertaling van die Nuwe Testament sê: “Die Gees Self pleit vir ons met onuitspreeklike versugtinge”, d.w.s. met woorde wat nie uitgespreek kan word nie, met versugtinge wat nie uitgespreek word nie (Latyn: inenarrabilis). Die versugtinge word nie uitgedruk en dus nie gehoor nie.

(4) Die vierde waarneming:

Die gebede van die Heilige Gees styg op na God se troon in die vorm van onuitgesproke of onuitspreeklike versugtinge.

Die versugtinge van die Heilige Gees vind plaas in die hart van die Christen, omdat God die hart deurgrond en daar onuitgesproke of onuitspreekbare versugtinge vind. Die gebede van die Heilige Gees maak gebruik van die onuitgesproke of onuitspreekbare woorde van die Christen as sy instrument van gebed. Daarom word hierdie versugtinge ook in hoorbare woorde of onhoorbare versugtinge gehoor.

Maar 'n Christen moet versigtig wees en nie sy eie gebede in hoorbare of onhoorbare versugtinge verwar met die gebede van die Heilige Gees nie! Alhoewel 'n Christen bewus is dat die Heilige Gees gebruik maak van hierdie onuitgesproke of onuitspreeklike versugtinge in sy hart om vir hom by God te pleit, moet hy nie gaan dink dat sy gebede in hoorbare of onhoorbare versugtinge gelyk is aan die gebede van die Heilige Gees nie! Christene moenie vergeet nie dat God die motiewe en bedoelinge van die hart deurgrond (Romeine 8:27a; Hebreërs 4:12-13)! Romeine 8:26-27 spreek oor hoe die Heilige Gees by God pleit vir die Christen en nie hoe die Christen tot God hoort te bid nie!

(5) Die vyfde waarneming:

Die gebede van die Heilige Gees stem heeltemal ooreen met die wil van God.

God deurgrond die hart van Christene (en nie-Christene). Hy weet alles wat in die hart van die mens is (1 Samuël 16:7; 1 Kronieke 28:9; Jeremia 17:9-10; 1 Korintiërs 4:5; Hebreërs 4:13). Hy weet ook wat die inhoud, betekenis en bedoeling van die gebede van die Heilige Gees vir die Christen is. Romeine 8:26-27 spreek oor die gebede van die Heilige Gees tot God en nie oor die gebede van die Christen tot God nie! Die Christen kan nie sê dat wat hy bid in onverstaanbare geluide of in hoorbare versugtinge die Heilige Gees is wat vir hom bid! Die inhoud van die gebed van die Heilige Gees word nie aan die Christen geopenbaar nie!

Omdat die Heilige Gees “die Gees van God” is en presies soos God die vader (en die Here Jesus Christus) dink, is die gebed van die Heilige Gees volmaak en altyd effektief! Die pleidooie of gebede van die heilige gees vir Christene kan nie faal nie! Daarom gaan ook geen enkel Christen ooit verlore nie (Romeine 8:29-30). Daarom gebeur daar ook niks met 'n Christen wat nie van te vore God se toestemming gekry het nie of uiteindelik 'n bydrae lewer aan God se volmaakte plan vir die Christen. (Romeine 8:28)! Hierdie versugtinge in die hart van die Christen wys na die feit dat “God magtig is om oneindig meer te doen as wat 'n Christen bid of dink” (Efesiërs 3:20)!
